NG GEMEENTE MONTANA

www.ngmontana.co.za

12 Mei 2019

Erediensteye	
08:00 **10:00**	**O.l.v ds. Surina van der Berg** *Tema: "Wat van die volgende generasie???"*
09:00 **10:00**	**Twee Riviere Aftree-Oord** **Bougainvilla Aftree-Oord o.l.v. ds Tienie de Bruyn**

Program vir die dag

Deurkollekte gaan vir die Gemeentekas

Kategese

- **Kleuterkerk om 08:00 vir 3-6 jariges in Le Gatte**
- **Jnr. Kategese om 09:05 vir gr. 0 tot 6 in die kerksaal;**
- **Snr. Kategese/Belydenisklasse Om 17:30.**

Ons neem afskeid van Mariaan Johnson tydens albei die Eredienste.
Tussen die twee eredienste word almal genooi om gesellig saam met haar 'n koppie tee te geniet in die binnehof.

Program vir die week

Maandag 13 Mei 2019
19:00 Gebedsaksie in die Gebedskamer. Almal welkom.

Woensdag 15 Mei 2019
09:00 Bybelstudie Zambezi Aftree-Oord
09:00 Bybelstudie in die saal
10:00 Bybelstudie by Hannelie Wannenburg, Palmleliestraat 2A, Magalieskruin – 083 3881293.

Donderdag 16 Mei 2019
09:00 Bybelstudie Montana Aftree-Oord
09:00 Bybelstudie Zambezi View

Vrydag 17 Mei 2019
09:00 Bybelstudie Twee Riviere Aftree-Oord
10:00 Bybelstudie Bougainvilla Aftree-Oord.
18:00 'n Praise & Worship & Fliekaand vir die jeug
"Tightly Bound"
(Gr 7 tot studente)
in die kerksaal @ R30 pp.
Kom kuier lekker saam!!!!

Sondag 19 Mei 2019
Eredienste om 08:00 en 10:00 o.l.v. ds Johan Scholtz.

<u>Kom ons bid vir siekes tuis of in hospitale</u>: Tilla Boshoff, Dot Steyn, Gert de Klerk, Thea Geldenhuys, Meindert Louw, Alta Vermeulen, Mimi Rossouw, Retha Sandmann asook Frans en Annatjie de Kok.

<u>Baie welkom aan die nuwe intrekkers in die Gemeente, mag NG Montana vir u werklik 'n geestelike tuiste wees</u>.
Nuwe intrekkervorms is beskikbaar in die konsistorie, kerkkantoor of op die webblad. Voltooi dit en laat dit in die kerkkantoor, plaas in die kollektesakkie op 'n Sondag of e-pos dit na admin@ngmontana.co.za
(Kerkkantoorure: Maandae tot Vrydae vanaf 08:30 tot 13:00, tel.nr. 012 534 3377).

<u>Ons verwelkom die volgende lidmate wie se Attestate ontvang is</u>: Lettie du Plooy van Magalieskruin; Sannette van der Vyver van Luz Deo asook Stefanie van Heerden van die Geref. Kerk Bethal.

<u>Tiendedankoffer Insameling 2019</u>

Hierdie dankofferprojek is ons Gemeente se enkele grootste dankofferprojek. Daar word vir 2019/2020 in die geloof begroot vir R800 000.

Die briewe is nou gepos, ge-epos of per hand afgelewer, indien u nie 'n brief ontvang het nie, is daar by die deure beskikbaar.

U is welkom om u dankoffer elektronies oortebetaal in die kerk se bankrekening. (Besonderhede voor in die jaarprogram).

Op Sondag 26 Mei 2019 is die Tiendedankoffer Sondag waar u bydraes tydens die erediens opgeneem gaan word.

<u>*Nagmaal saam met jou Kinders!*</u>

Vrydagaand 31 Mei om 18:00 in die kerksaal (Iets spesiaals vir gesinne). Almal welkom!

Kothuismark Groete….

Brei en hekel solank
Vir ons
Wintermark Verkope.
Ons het nog heelwat items nodig, bring asb. na die Kerkkantoor.
Vir navrae skakel met Beulah by 074 4827360.

<u>Komberse Projek vir die Matt. Uitreik</u>

Dit is weer hierdie tyd van die jaar waar die winter op ons is. Ons vra dat lidmate vir ons komberse skenk vir hierdie uitreik wat vir straatmense elke maand plaasvind. Bring asb. na die Kerkkantoor.

<u>Hierdie "SnapScan" ikoon kan u nou gebruik asook by die deure bokant die Afkondigingsrakkie</u>.